‘n Kort Biografie van
die Oppermeester Ching Hai

Meester Ching Hai is uit ‘n welaf familie in Aulac (Vietnam) as die dogter van ‘n gerespekteerde naturopaat gebore . Sy is as Katoliek opgevoed maar het die basiese beginsels van Boeddhisme van haar grootmoeder geleer. As jong kind het sy ‘n vroegrype belangstelling in filosofiese en godsdienstige leerstellinge getoon. Tesame hiermee het Sy ook ‘n buitengewoon seldsame medelydende houding jeens alle lewende wesens geopenbaar.

Op agtienjarige ouderdom is die Meester Ching Hai na Engeland om te studeer. Sy is later na Frankryk en Duitsland waar Sy vir die Rooikruis gewerk het en is daarna met ‘n Duitste wetenskaplike getroud. Na twee jaar van gelukkige huwelikslewe het Sy met die toestemming van Haar man die huwelik verlaat, op soek na die Goddelike Ligervaring (enlightenment), ter vervulling van ‘n ideaal wat sy sedert Haar kinderdae gekoester het. Op daardie stadium het Sy verskillende meditasiepraktyke en geestelike dissiplines bestudeer onder leermeesters wat binne Haar bereik was. Sy het tot die besef gekom dat dit vir een mens futiel was om te probeer om die lydende mensdom te help. Sy het onder die indruk gekom dat die beste manier om mense te help was om self tot volkome Godsbesef te kom. Met dit as Haar enkele doel het Sy na verskillende lande gereis op soek na die volmaakte manier om die Goddelike Lig te ervaar.

Na jare van proefnemig en beproewing het die Meester Ching Hai uiteindelik die Quan Yin Metode en die Goddelike Oorgang in die Himalayas gevind. Na ‘n periode van intense praktiese toepassing in afsondering, het Sy volledige Godsbesef ervaar.

In die jare na Haar Ervaring het die Meester Ching Hai die stil, beskeie lewe van ‘n Boeddhistiese non gelei. Sy is van geaardheid skugter en het hierdie waardevolle skat verborge gehou totdat mense Haar instruksie en inisiasie begin aanvra het. Deur die volgehoue versoeke en pogings van Haar vroeër dissipels in Formosa (Taiwan) en in die VSA het die Meester Ching Hai dwarsoor die wêreld lesings aangebied en het Sy tienduisende opregte geestelike aspirante ge-inisieer.

Vandag stroom meer en meer Waarheidsoekers, van verskillende lande en vanuit verskillende geloofsoortuigings na Haar vir Haar wysheid. Vir hulle wat in opregtheid die metode en praktyk van die Onmiddellike Goddelike Ligervaring wil leer en beoefen, die metode wat Sy self as die hoogste gewaarmerk het- die Quan Yin metode, aan hulle is Sy gewillig om inisiasie en verdere geestelike leiding te verleen.

Die wêreld is vol moeilikhede,
Net ek is vol van U!
As U in die wêreld geplaas word,
Sal alle probleme verdwyn.
Maar, omdat die wêreld vol moeilikhede is,
Vind ek nie plek vir U nie.

Ek sal al die sonne, mane en sterre
In die Heelal verkoop,
Om net een Wonderlike Kyk van U te koop,
O Meester van Oneindige Glans!
Wees genadig en plaas net ‘n paar strale in my verlangende Hart.

Wêreldse mense gaan uit in die nag om te sing en te dans,
Onder wêreldse lig en musiek,
Ek alleen sit in vervoering
Met die innerlike Glans en Melodie

Sedert ek u Glorie ontdek het O Vader,
Kan ek niks anders in hierdie wêreld liefhê nie.
Omhels my in U Liefdevolle Genade,
Vir ewig,
Amen.

Uit “Silent Tears”, ‘n versameling van gedigte deur die Oppermeester Ching Hai.